



## Afrikaans 2 (Eerste Addisionele Taal) – Graad 6

Welkom by jou Conquesta Olimpiade. Wanneer jy besluit het watter van die antwoorde die korrekte een is, krap die letter op die ooreenstemmende blokkie op jou antwoordvel dood. Byvoorbeeld:- As die antwoord op vraag 4 c is, krap die letter c in die blokkie wat c langs nommer 4 bevat, dood (sien voorbeeld 1 hieronder). Indien 'n leerder 'n fout maak ken eerder b as die antwoord wil merk, moet c netjies doodgetrek word en b gemerk word (sien voorbeeld 2 hieronder).

Voorbeeld 1:- 

4.	a	b	c	d
----	---	---	---	---

Voorbeeld 2:- 

4.	a	b	c	d
----	---	---	---	---

Lees die inligtingstuk onder oor Ali Stroker, en beantwoord vrae 1 – 7.



Die gestremde Broadway-ster, Ali Stroker, het geskiedenis gemaak toe sy die eerste persoon in 'n rolstoel is wat die gesogte Tony-trofee wen.

Ali het in New Jersey in Amerika grootgeword. Haar ma is Jody Schleicher en haar pa is Jim Stroker. Sy het 'n ouer broer, Jake, en 'n jonger suster, Tory. Ali het Ridgewood Hoërskool bygewoon. Sy was prefek en het aan die skoolmusiekblyspele (*school musicals*) deelgeneem. Op die ouderdom van twee was Ali in 'n motorongeluk en sy het 'n rugbesering opgedoen. Sy is verlam van haar bors af. Omdat sy nie haar bene kan gebruik nie, is sy in 'n rolstoel.

Toe Ali sewe was, het sy vir die eerste keer 'n Broadway-konsert gesien en sy het besluit om 'n aktrise te word.

Ali het by die *Somer Musiek Teater*-program by die *Paper Mill Playhouse* in New Jersey aangesluit.

In 2009 word Ali die eerste aktrise wat in 'n rolstoel is om 'n graad aan die New York Universiteit te verwerf.

Ali is te sien in films en TV-reekse soos *'I was a mermaid and now I am a Pop star'*, *'Cotton'*, *'Faking it'*, en *'Ten days in the Valley'*.

In 2015 het sy geskiedenis gemaak toe sy die eerste aktrise in 'n rolstoel is om op 'n Broadway-verhoog op te tree. Sy het die rol van *'Anna'*, in *'Spring Awakening'*, vertolk.

In 2018 het Ali die rol van *'Ado Annie'*, in *'Oklahoma!'* gespeel. Dié produksie is Broadway toe in 2019.

Dit is waarvoor Ali die Tony-toekening vir beste aktrise in 'n musiekblyspel ontvang het. Dit maak van haar die eerste persoon in 'n rolstoel wat genomineer is vir 'n Tony en sy het dit ontvang vir haar tooneelspel (*acting*).

Toe Ali die toekening ontvang het, het sy gesê: *"Hierdie toekening is vir 'n gestremde kind wat 'n beperking (limitation) of uitdaging (challenge) het wat gewag het om verteenwoordig (represented) te word in die arena - jy is verteenwoordig."*

Hierdie 31-jarige vrou sê haar rol in *'Oklahoma!'*, is 'n droom wat bewaarheid is.

Sy sê: *"As ek sing, voel dit asof niks my kan beperk (limit) nie. Dit is wanneer ek bemagtig (empowered) voel. My stem en die vermoë om musiek te maak, gee vir my 'n geleentheid (opportunity) om my beste self te wees."*

(verwerk uit [Teen Kids News](#)-Junie 10, 2019 en Wikipedia)



1. In watter land is Ali gebore?

- (a) Australië
- (b) Amerika
- (c) Ridgewood
- (d) Oklahoma

2. Hierdie aktrise se van is .....

- (a) Ali.
- (b) Schleicher.
- (c) Stroker.
- (d) Broadway.

3. Ali verskil van ander aktrises, want sy kan nie ..... nie.

- (a) sing
- (b) optree
- (c) sien
- (d) loop

4. Ali was gestremd vandat sy gebore is.

- (a) Waar. Sy is met 'n rugbesering gebore.
- (b) Onwaar. Sy was in 'n motorongeluk en haar rug is beseer.
- (c) Waar. Sy was in 'n motorongeluk en haar rug is beseer.
- (d) Onwaar. Sy is verlam tydens haar geboorte.



5. Kies die korrekte vorm van die onderstreepte woord tussen hakies (vergroterende trap).  
 'Ali is (oud) as Tori.'  
 (a) ouer (b) oudste (c) ouder (d) oue
6. Die teenoorgestelde geslag van 'aktrise' is .....  
 (a) aktriser. (b) akteur. (c) akteur. (d) akteure.
7. Daar is ..... lede in Ali se gesin.  
 (a) drie (b) vier (c) vyf (d) ses



Kies die korrekte ouderdom om die stellings in vraag 8 – 11 te voltooi.  
 (a) een en dertig (b) sewe (c) twee (d) een en twintig

8. Op die ouderdom van ..... besluit Ali om 'n aktrise te word.
9. Op die ouderdom van ..... was Ali in 'n ongeluk wat haar lewe verander.
10. Op die ouderdom van ..... verwerf Ali 'n graad aan die Universiteit van New York.
11. Op die ouderdom van ..... wen Ali 'n Tony-toekenning.

12. 'n 'Gesogte toekenning' beteken ..... mense kry 'n Tony-toekenning.  
 (a) baie (b) min (c) geen (d) alle
13. 'n 'Musiek-blyspel' beteken daar word baie .....  
 (a) gehuil. (b) gehardloop. (c) geskree. (d) gesing.



14. Ali se toespraak toe sy die Tony-toekenning ontvang het, sal gestremde kinders .....  
 (a) inspireer. (b) ontmoedig. (c) omkrap. (d) kwaad maak.
15. Watter stelling is nie waar nie?  
 (a) Ali het 'n passie vir haar werk.  
 (b) Ali volg haar drome.  
 (c) Ali gee mense op.  
 (d) Ali hou daarvan om te sing en musiek te maak.

Lees die teks en kies die korrekte antwoorde vir vrae 16 – 19.

Gesondheid en fiksheid

Jy moet jou liggaam goed versorg om slegs en gesond te bly. As jy jou liggaam verwaarloos (*neglect*), word jy siek. Dit is belangrik om die regte soort kos te eet en nie te veel suiker en vet te eet nie. Dit is ook baie belangrik om alles te geniet wat jy doen. Bly aktief en onthou om oefening te doen as jy 'n lang, gesonde en gelukkige lewe wil hê.



16. Een woord wat dieselfde beteken (sinoniem) as 'lyf' is .....  
 (a) fiks. (b) liggaam. (c) lewe. (d) gesond.
17. Hoe sal jy die volgende stelsin as 'n vraagsin skryf?  
 'Jy moet jou liggaam oppas.'  
 (a) Pas jou liggaam op!  
 (b) Moet jy jou liggaam oppas?  
 (c) Moet jou liggaam jou oppas?  
 (d) Moet jou liggaam oppas jy?

18. Kies die korrekte vorm (oortreffende trap) van die woord tussen hakies.  
 'Die atleet is die (gesond) van almal.'  
 (a) gesonder (b) mees gesond  
 (c) gesondste (d) gesond

19. Kies die korrekte intensiewe vorm.  
 Baie fris is .....  
 (a) donkiefris.  
 (b) osfris.  
 (c) muilfris.  
 (d) perdffris.

